

# *Sakkie Parsons E-Pos Bediening*

Webtuiste: [www.sakkieparsons.co.za](http://www.sakkieparsons.co.za)

E-pos: [sparsons@absamail.co.za/](mailto:sparsons@absamail.co.za)

[bediening@sakkieparsons.co.za](mailto:bediening@sakkieparsons.co.za)

*Sel: 083 457 6669*

## **AG DIT LOUTER VREUGDE**

Iemand het my gevra wat sal ek vir 'n persoon sê wat as kind van God deur die, kom ons noem dit die lewe so geslaan is, dat die persoon voel om handdoek in te gooi. Ek gaan aanneem dat die persoon 'n wedergebore kind van God is. As ek nou vir jou oor hierdie onderwerp skryf, skryf ek vir jou hoe ek as kind van God dit persoonlik in my lewe ervaar en na die beste van my vermoë probeer uitlewe. My vriend/vriendin, Rudyard Kipling sluit een van sy gedigte so af.

If you can fill the unforgiving minute  
With sixty seconds' worth of distance run,  
Yours is the Earth and everything that's in it,  
And--which is more--you'll be a Man, my son!

Toe ek nou weer lees wat ek hier onder aan jou geskryf het, het ek gevoel om die volgende vir jou te dig.

“Kan ek dit sê? Ja, Sekerlik ek kan!  
Ek sien my seun, ek skrywe aan ‘n man.”

Want my vriend/vriendin, soos jy sal sien, as ek die Woord reg verstaan, dink ons Here werklik baie van jou.  
Lees ook asseblief die eerste sowel as die laaste hoofstuk van Job nadat jy hierdie e-pos klaar gelees het.  
Eerstens weet ek as kind van God dat om Jesus te volg, nie altyd maanskyn en rose gaan wees nie.  
Jesus sê dan ook.

**MAT 16:24** Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg.

Op 'n ander plek sê Jesus.

**MAT 10:38** En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie.

Jy sien, om 'n kruis te dra beteken op die minste, om dit nie maklik te hê nie.

**ROM 5:3** ... maar ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk,

**ROM 5:4** en die lydsaamheid beproefdheid en die beproefdheid hoop;

**ROM 5:5** en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.

Die beproewings/probleme/swaarkry in my eie lewe, is vir my ook 'n aanmoediging om aan te hou op die pad wat ek is, want ek weet.

**JAK 1:2** Ag dit *louter vreugde*, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val,

**JAK 1:3** *omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk.*

**JAK 1:4** *Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie.*

**1PET 1:3** Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode,

**1PET 1:4** sodat ons 'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis kan verkry, wat in die hemele bewaar is vir ons

**1PET 1:5** wat in die krag van God bewaar word deur die geloof tot die saligheid wat gereed is om geopenbaar te word in die laaste tyd.

**1PET 1:6** *Daarin verheug julle jul, al word julle nou—as dit nodig is—'n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge,*

**1PET 1:7** *sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlijkheid by die openbaring van Jesus Christus;*

**1PET 1:8** *vir wie julle, al het julle Hom nie gesien nie, tog liefhet; in wie julle, al sien julle Hom nou nie, tog glo en julle verbly met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap.*

Daarom sorg ek dat ek naby Jesus bly. Sodat Sy goddelike vrede altyd in en om my is.

**JHN 14:27** Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie.

Die lewe is nie altyd vir my maklik nie, verseker nie maar ek het vrede en daarom kan ek saam met my groot held Paulus getuig.

**2KOR 4:6** Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn—dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlijkheid van God in die aangesig van Jesus Christus.

**2KOR 4:7** Maar ons het hierdie skat in erdekruike, sodat die voortreflikheid van die krag van God mag wees en nie uit ons nie.

**2KOR 4:8** In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ons is verleë, maar nie radeloos nie;

**2KOR 4:9** vervolg, maar nie verlate nie; neergewerp, maar nie vernietig nie.

**2KOR 4:10** Gedurig dra ons die doding van die Here Jesus in die liggaam om, sodat ook die lewe van Christus in ons liggaam openbaar kan word.

**MAT 10:22** En julle sal deur almal gehaat word ter wille van my Naam. *Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.*

So met die tong in die kies wil ek sê, dat as ek so na alles kyk, is om 'n dissipel van Jesus te wees, nie vir sussies nie maar dit kan ook nie anders nie. Ons is nie sussies nie, ons is soldate, en dan nie sommer sulke soldate nie, ons is uitverkore soldate, Jesus se uitverkore soldate.

**1PET 2:9** *Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig.*

So, as uitverkore soldate van Jesus, kom ons maak seker dat ons die “punch” kan vat en nie net kan vat nie maar die oorwinning kan behaal en nie net kan behaal nie maar die oorwinning sal behaal

**EFE 6:13** Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly.

**EFE 6:14** Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan,

**EFE 6:15** en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede.

**EFE 6:16** Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus.

**EFE 6:17** En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees—dit is die woord van God—

**EFE 6:18** terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges

So, kom kind van God. Kom soldaat van Christus. Staan op, draai jou gesig na die lewe toe, terwyl jy die instruksie onthou en uitlewe wat deur ons Here in Sy Woord aan ons gegee is.

**FIL 4:6** Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.

**FIL 4:7** *En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus.*

Ek sluit af soos ek begin het.

If you can fill the unforgiving minute  
With sixty seconds' worth of distance run,  
Yours is the Earth and everything that's in it,  
And--which is more--you'll be a Man, my son!

“Kan ek dit sê? Ja, Sekerlik ek kan!  
Ek sien my seun, ek skrywe aan ‘n man.”

**Judas 1:24-25** *Aan Hom nou wat magtig is om julle vir struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor sy heerlijkheid te stel met gejuig, **25**. aan die alleenwyse God, ons Verlosser, kom toe heerlijkheid en majesteit, krag en mag, nou tot in alle ewigheid! Amen.*

*Groete  
Sakkie*

*Indien u hierdie e-pos lees en wel gereelde e-pos van my wil ontvang, stuur asseblief u volle e-pos adres in die “subject box” na [sparsons@absamail.co.za](mailto:sparsons@absamail.co.za)*

***Moet asseblief nie ‘n leë e-pos stuur nie.***

*Aangesien ek blind is en gebruik maak van ‘n sagteware program waar die rekenaar met my praat, sal ek nie weet of dit ‘n foto of leë e-pos is wat ek ontvang nie. In albei gevalle sal my rekenaar net stil bly.*